

# TOOLBOX

## MAART/MARCH2014

**LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)**

SEDERT /SINCE FEBRUARIE 2004    UITGAWE NR 107 / EDITION 107

---

## DAGSÊ VRIENDE / GOOD DAY FRIENDS

Met net 'n paar dae om die draai vir die groot "Mean Machine" skou moet ek die skoukomitee bedank vir die lekker tyd wat ons saam kon werk en planne maak en dat julle bereid was om vir twee maande elke dinsdagaand van vroeg tot laat op te offer om die skou te kon reël.

Ek vertrou dat elke lid gereed is vir die groot dag en ons gaan elkeen nodig kry met die skou om te help .

Groete - Dircolene

## Jaarprogram /Yearprogram

**08 March - MAAC Midas Motor Show**

05 April - Paul Roux Village Festival

## Gelukwensings /Congratulations

Verjaarsdae/ Birthdays

Happy Birthday

10/03 Edward van den Berg

12/03 Clem Harrington

22/03 August van Niekerk

Baie geluk aan die volgende lede wat verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê! .Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

Baie geluk aan Koos en Marcelle de Beer met die geboorte van klein Carli. Alles het volt verloop met die bevalling en ons is dankbaar daarvoor. Ons glo sy sal baie vreugde vir hulle besorg!

## Uitstappie

Ons het 'n lekker uitstappie gehad na die Bieliemielie Fees in Reitz waar ons stalletjies genader het en flyers uitgedeel het. Maar vir party mense wat nie 'n spaarwiel saamry nie, vra vir Kornel, kan Reitz nogal 'n ver pad wees om te ry. Hy en Tertius wen die Naude Morris (wat 4 ure geneem het van Van Reenen na Bethlehem). Hulle twee ry van Reitz na Bethlehem in 4 ure.






## Voetspore

Johan  Badenhorst was Donderdagaand by Voortrekker skool en 'n paar van ons het die geleentheid gehad om dit by te woon. Hy het ons vertel van hul onlangse besoek waartydens hulle dwars oor Afrika met die ewenaar langs gereis het.

Al die ontberinge - Gideon en Andre het malaria opgedoen, maar gelukkig is hulle weer spring lewendig en gesond. As jy die paaie in die Kongo sien en die verkeer wat ophoop, sal ons hier nie weer kla nie .

Dit wat eintlik net een reis moes gewees het, het ontaard in sewe toere oor die kontinent heen.





**SAINT DE SOTO - DIE HEILIGE**

My ouman Duimpie, geniet dit om motors se werking ens, ens vir my te vertel en te leer. So ken ek dan ook die blou 1948 De Soto se "ins and outs" redelik goed, maar wat ek nie geweet het nie is dat dit nog 'n "heilige" kar gaan word.

So vertel Duimpie my toe van sy wedervaringe saam met Tertius in die De Soto tydens die Vrydagmiddag optog van die 2012 skou. Baie trots en waardig neem hulle die voortou in en lei die optog met die De Soto deur die dorp. Skielik kry Tertius 'n telefoon oproep en moet hy dringend iewers anders wees. Duimpie sê die De Soto spring daar weg en 'n wille jaagtog begin so reg uit 'n James bond fliek uit, sodat hy wat Duimpie is, soos 007 voel. Hy klou vir die vale aan die "dashboard" vas, maar met die genade saam, kom die De Soto met sy twee insittendes veilig terug by die skouterrein.

So breek die tyd toe aan vir die 2013 motorskou se optog en het ek die keer die voorreg om in die De Soto te ry. Met Tertius agter die stuur en Kevin wat "shotgun" ry, sit ek rustig agteroor die hele agterste sitplek net vir myself. Hierdie keer lei die De Soto nie weer die optog nie maar val so tussen die ander motors in die optog in. Ons ry rustig teen so 25mph deur Kerkstraat en ek geniet die reaksies van die mense langs die straat wanneer hulle die ou voertuie sien. Skielik begin die De Soto hoes en proes en ek sien in die truspieeltjie hoe Tertius se oë begin rek. Ons draai by die eertse dwarsstraat, Uniestraat, regs en toe weer in Boshoffstraat regs. Teen die tyd beweeg ons net so teen 10mph en op die hoek by die Anglikaanse kerkie steek die De Soto vier spore vas. Ja nee, ek dink julle het almal reg geraai, geen petrol meer.

Nou moet ons probeer om by die naaste petrolstasie uit te kom. Ek bied aan om die stuur oor te neem en Tertius en Kevin moet stoot. Teen die tyd is Tertius rooi in die gesig van, ek dink, kwaad en verleë, en ek en Kevin giggel. Nou kyk julle wat ou motors ken sal weet dat die De Soto nie 'n lig gewig is nie en moet ons die besige Cambridgestraat oor en die De Soto staan stil. Gelukkig met brute stukrag van die twee desperate manne, kom ons veilig oor die pad en begin ons spoed op tel want die pad loop afdraende voor die biblioteek verby. Ek bid kliphard dat daar nie ander voertuie by die drierigtingstop moet wees nie want ek moet daar regs draai na die "garage" op die hoek en daar loop die pad weer opdraende en kan ek al duidelik hoor hoe die twee jongmanne blaas. Ek het skaars gedraai toe hoor ek 'n vlou, uitasem stem wat sê, "tannie trek af, trek af". Ek het nog nie die De Soto se handrem behoorlik opgetrek nie toe vlieg Tertius soos 'n vetgesmeerde blits, petrolkannetjie in die hand, by my verby oppad "garage" toe. Ek wonder nou nog waar het daai kannetjie so vinnig vandaan gekom. Teen die tyd giggel ek en Kevin nie meer nie maar skree soos ons lag.

Baie gou is Tertius met die kannetjie vol petrol terug en gooi dit in die dorstige keelgat van die De Soto af. Al drie van ons stuur stil gebedjies op dat daar nie nou enige lug in die "carburator" is nie, maar genadiglik vat die kar dadelik en maak ons daar 'n u-draai. Tertius het weer die stuurwiel in hand en ek sit weer rustig agter. Nou vat hy die kortste pad terug na Mullerstraat want ons moet prober om saam met die optog terug by die vliegveld aan te kom. Maar o-wee geen teken van enige ander veteraan voertuig in Mullerstraat nie. Nou is dit voet in die hoek en die De Soto skommel en skud en daar kom sulke snaakse brul geluide diep uit sy borskas. Wat wo, van 'n sekere spoed handhaaf, hy loop nou asof satan an al sy trawante agter ons aan is.




Toe ons die opdraand daar by Hochland Auto vat sien ons oom Frans se Valiant so skuinsvoor ons in die regterkantse baan. Tertius besluit om die Valiant verby te gaan en dan ook in die regterbaan in te beweeg sodat ons kan afdraai Jordania toe wat nou dalk die korste pad vliegveld toe is. Maar nou ja ons geluk het nog nie heel temal gedraai nie, want toe ons by die Valiant verby gaan is daar nie 'n opening in die verkeer om regs te beweeg nie. Ons vlieg oor die volgende twee verkeersligte (wat genadiglik groen was) en jaag Hospitaal Heuwel in.

Teen die tyd weet ek nie ry ons of vlieg ons nie. As ons 'n draai vat voel dit vir my ek moet my hand by die agterruit uitsteek en die De Soto net weer in lyn druk op sy agterkant, maar kyk ek uit lyk dit vit my of die teerstraat dan nou baie naby aan die sykant van die kar is, so hel hy oor om die draaie. Met bande wat gil en skree om elke hoek en draai nader ons die verkeerslig by die Engen vulstasie van Panorama se kant af, en daar sien ons oom Frans van Jordania se kant aankom vir afdraai na die vliegveld. Nou 'n laaste poging om nie heel laaste te wees nie. Ons op dolle vaart en oom Frans heel rustig nader die afdraai. Maar nou ja, wat se hulle van haastige hond? Ons maak dit toe nie en moet toe maar nood gedwonge rustig verder ry. By die vliegveld aangekom spring ons drie uit die kar en beweeg vinnig weg, want jy ruik net brandende bande en brandstofwalms. Ek en Kevin het nog nooit opgehou lag nie en Tertius probeer waardig bly soos 'n goeie en betaamlike voorsitter hom moet gedra.

Ek dink Bethlehem se mense wag nog steeds dat die film wat daardie dag van die Bugsy Malone en sy mafia trawante gemaak is die lig moet sien. Al wat ek beslis weet is dat Tertius daar die dag, al die hel uit die De Soto gery het en 'n heilige kar daarvan gemaak het.

Hannatjie Swart
Desember 2013

**SAVVA Technical Tip 82 - Dirty Bulbs**

Recently I had the task of replacing a tail light lens in an elderly car and was quite surprised at the dirt that had accumulated on the bulb. As can be seen in the photograph the dirty one is next to a new one and the difference is quite obvious. When it was re-assembled with a new bulb I compared it with the other side rear light which still had it's dirty bulb and to say the least the volume of light emitted was dismal in comparison.

On the road, especially on freeways, we are usually travelling slower than the mainstream traffic. It is imperative therefore that we offer whatever warning possible to passing cars of our existence on the road – especially at night. Over the years there have been some ugly accidents in which cars have smashed into the rear of slower cars – not necessarily older cars but there have been a few cases.

Let's ensure that at least our tail and stop lights are operating 100%.

When last did you clean the bulbs on your car?



# MAAC MIDAS Motor Show

## Bethlehem Airport, 8 March 2014

# Mean Machines

## Organized by
## Maluti Antique Auto Club

**Ticket prices: R30 for adults**
**R20 for children**

**www.maamc.co.za**

**For more info - Tertius: 082 889 4294**

facebook

- Street Rods
- Classic Cars
- Exotic Cars
- Show 'n Shine/ Sound-Off
- Flea Market
- New Vehicles
- Kiddies Entertainment
- Live Entertainment
- Toyota / Hino Display Truck
- WW2 Military Exhibition
- Park and Sell
- 4X4 Display

**Come and meet well known T.V presenter Stuart Johnston**

team streetglow

Supporting:

CANSA
Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support